



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**DANSSTUDIES
NOVEMBER 2012**

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is 15 vrae in hierdie vraestel. AL die vrae moet beantwoord word.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Dansgeskiedenis en -teorie
AFDELING B: Musiekteorie
AFDELING C: Anatomie en Gesondheidsorg
3. Lees die hele vraestel aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Laat DRIE reëls oop na ELKE antwoord.
7. Kontroleer of jy AL die vrae beantwoord het.
8. Punte word toegeken volgens die gehalte van jou antwoord. Beantwoord in volsinne waar vereis. Volpunte sal NIE aan eenwoord-antwoorde toegeken word waar gedetailleerde beskrywings vereis word nie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE**VRAAG 1**

Een dansvorm was jou hoofdansvorm van graad 10 tot graad 12.

- 1.1 Noem die hoofdansvorm wat jy by die skool bestudeer het.
- 1.2 Noem en verduidelik VYF interessante feite oor die geskiedenis van jou hoofdansvorm. (5)
- 1.3 Noem en verduidelik VYF hoofbeginsels van die hoofdansvorm wat jy in VRAAG 1.1 genoem het. (10)
- [15]**

VRAAG 2

- 2.1 Noem en verduidelik TWEE van die grootste uitdagings waarvoor jy te staan gekom het toe jy hierdie jaar by die skool vir jou graad 12-danschoreografieprojek voorberei het. (2)
- 2.2 Verduidelik hoe jy elk van die uitdagings wat jy hierbo genoem het, oorkom het. (3)
- [5]**

VRAAG 3

Jy het interessante inligting oor 'n inheemse Afrika klassieke seremoniële danswerk by die skool geleer. Deel jou kennis en ondervinding in 'n brief met 'n vriend(in) wat oorsee woon of skryf 'n blog. Verskaf die volgende inligting:

- Gee die naam van die seremoniële dans en die oorsprong daarvan.
- Verduidelik, in besonderhede, die rol van hierdie seremoniële dans in die gemeenskap en wie die deelnemers sou wees (ouderdom, geslag, rang en rol).
- Beskryf, in besonderhede, wat die deelnemers sou aantrek/dra/gebruik.
- Verduidelik, in besonderhede, die musiek/begeleiding/klanke wat in die dans gebruik sou word.
- Ontleed en verduidelik die simboliek wat in hierdie seremoniële dans gebruik word. **[10]**

VRAAG 4

Jy organiseer 'n program waarin 'n bekende Suid-Afrikaanse en 'n internasionale choreograaf saam gaan optree. Skryf programnotas vir die twee choreograwe.

- 4.1 Skryf 'n programnota oor EEN van die Suid-Afrikaanse choreograwe wat jy bestudeer het, uit die voorgeskrewe lys hieronder. Die programnota moet die volgende inligting bevat en in opstelformaat aangebied word. MOENIE kolpunte ('bullets') in jou antwoord gebruik NIE. (6)
- Naam van die choreograaf na wie jy verwys
 - Geboorteplek/-land
 - Agtergrondinvloede/Artistieke invloede/Sosio-politieke invloede
 - Choreografiese loopbaan
- 4.2 Skryf 'n programnota oor EEN van die internasionale choreograwe wat jy bestudeer het, uit die voorgeskrewe lys hieronder. Die programnota moet die volgende inligting bevat en in opstelformaat aangebied word. MOENIE kolpunte ('bullets') in jou antwoord gebruik NIE. (6)
- Naam van die choreograaf na wie jy verwys
 - Geboorteplek/-land
 - Agtergrondinvloede/Artistieke invloede/Sosio-politieke invloede
 - Choreografiese loopbaan
- 4.3 Vergelyk die TWEE choreograwe oor wie jy in VRAAG 4.1 en 4.2 geskryf het met inagneming van hul: (8)
- Bewegingstyl
 - Individuele kenmerke wat uniek is aan/dieselfde is by elke choreograaf

VOORGESKREWE SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE	VOORGESKREWE SUID-AFRIKAANSE DANSWERKE
Alfred Hinkel	<i>Last Dance (Bolero)</i>
Carolyn Holden	<i>Imagenes</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Sylvia Glasser	<i>Tranceformations</i>
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>

VOORGESKREWE INTERNASIONALE CHOREOGRAWE	VOORGESKREWE INTERNASIONALE DANSWERKE
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dances of Rooster</i>
George Balanchine	<i>Apollo of Agon</i>
Marius Petipa en Lev Ivanov	<i>Swan Lake</i>
Martha Graham	<i>Appalachian Spring of Lamentation</i>
Paul Taylor	<i>Esplanade</i>
Vaslav Nijinsky	<i>Le Sacre du Printemps</i>
Joaquin Ruiz	<i>Mar de Tierra</i>
Antonio Gadez	<i>Carmen of Blood Wedding</i>

[20]

VRAAG 5

Skryf 'n resensie vir die kunste-afdeling van 'n koerant oor EEN van die voorgeskrewe danswerke op bladsy 4. MOENIE kolpunte ('bullets') in jou antwoord gebruik NIE. Sluit die volgende inligting in:


- Titel: Noem die danswerk en choreograaf wat jy resenseer. Gee jou resensie 'n treffende titel.
- Sinopsis/Doel: Beskryf die betekenis/idee vir hierdie danswerk.
- Bewegingwoordeskat: Noem die styl(e) of genre(s) gebruik asook hoe die choreograaf beweging gebruik om die idee/doel van hierdie danswerk uit te beeld. Gee duidelike voorbeelde uit die danswerk.
- Produksie-elemente: Verduidelik, in besonderhede, die gebruik van simboliek in die beligting, klank, stel, kostuums, rekwisiete, ensovoorts en hoe dit tot die idee/doel van die danswerk bydra.
- Choreografiese struktuur: Bespreek die choreografiese struktuur wat in hierdie danswerk gebruik word, met ander woorde die gebruik van ruimte/patroonwerk, ensovoorts.
- Gevolgtrekking: Gee redes vir jou kritiese evaluering van die danswerk. **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B: MUSIEKTEORIE

VRAAG 6

Teken die TWEE note wat in elke blokkie (6.1–6.4) uitgelaat is, om die mate hieronder te voltooi.



[4]

VRAAG 7

Noem DRIE verskillende musiekgenres. Noem EEN interessante feit oor elkeen.

[3]

VRAAG 8

Wat beteken die volgende Italiaanse musiekterme:

8.1 Forte (1)

8.2 Adagio (1)
[2]

VRAAG 9

Gee die volgende inligting oor die musiek van EEN van die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het:

9.1 Die naam van die choreograaf en die danswerk

9.2 Die naam van die komponis/groep of musikante (1)

9.3 Beskryf die musiek (2)

9.4 Hoe het die musiek die danswerk versterk (3)
[6]

VRAAG 10

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (10.1–10.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 10.6 B.

- 10.1 'n Kategorie musiekinstrumente waar klank geproduseer word deur lug in die instrument in te blaas:
- A Idiofone
 - B Membranofone
 - C Aërofone
 - D Chordofone
- (1)
- 10.2 'n Tradisionele Afrika-instrument:
- A Trompet
 - B Marimba
 - C Viool
 - D Tjello
- (1)
- 10.3 'n Voorbeeld van saamgestelde tydmaat:
- A 2/4
 - B 3/4
 - C 2/2
 - D 6/8
- (1)
- 10.4 Musiek met 'n enkele melodielyn:
- A Homofonies
 - B Monofonies
 - C Polifonies
 - D Melodie
- (1)
- 10.5 Die tydmaatteken vir 'n wals en 'n triool:
- A 6/8
 - B 4/4
 - C 2/4
 - D 3/4
- (1)
[5]


TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 11**

- 11.1 Jou portuurgroep kan 'n baie positiewe of 'n baie negatiewe invloed op jou lewe hê. Verduidelik die verskillende tipes portuurdruk waarmee jy dalk by die skool, buite die skool of in die dansklas te doen kry. (4)
- 11.2 Hoe kan jy negatiewe portuurdruk in jou lewe hanteer en vermy? (4)

[8]**VRAAG 12**

- 12.1 Noem die spier wat deur die pyltjie hieronder aangedui word. (1)
- 12.2 Noem EEN anatomiese aksie/beweging wat hierdie spier kan uitvoer en watter deel van die liggaam dit beweeg. (1)
- 12.3 Verduidelik EEN oefening wat jy kan doen om hierdie spier te versterk. (3)
- 12.4 Watter hoofkomponent van fiksheid sou hierdie spier help om te ontwikkel? (1)

**[6]**

VRAAG 13

Lees die beskrywings van spiere (13.1–13.8) wat hieronder gegee word. Vir ELKE beskrywing, noem die volgende:

- A Gee die naam van die spier/spiergroep.
B Noem EEN anatomiese aksie/beweging en die gewrig/spesifieke liggaamsdeel wat hierdie spier beweeg.

Byvoorbeeld: A Tibialis anterior
B Dorsifleks die voet/enkel

- 13.1 Gee die skouer sy geronde voorkoms (2)
- 13.2 'n Groep van drie spiere aan die binnekant van die dy (2)
- 13.3 Die langste spier in die liggaam – loop van die knie na die heup (2)
- 13.4 Dit gee die kuit sy geronde voorkoms (2)
- 13.5 Hierdie groep bestaan uit drie spiere aan die agterkant van die dy (2)
- 13.6 Die agterkant van die bo-arm (2)
- 13.7 Die grootste spier in die liggaam aan die agterkant van die pelvis gevind (2)
- 13.8 'n Groep spiere aan die voorkant van die boonste gedeelte van die dy (2)
- [16]**

VRAAG 14

Swak danstegniek of 'n slegte dansomgewing kan beserings veroorsaak.

- 14.1 Noem en verduidelik VIER hoofkategorieë van hoe swak tegniek tot beserings in die dansklas kan bydra. (4)
- 14.2 Noem en verduidelik VIER hoofkategorieë van hoe 'n slegte dansomgewing tot beserings in die dansklas kan bydra. (4)
- 14.3 Wat is die onmiddellike behandeling vir verstuitings en verrekings? Verduidelik in besonderhede. (4)
- 14.4 Noem VIER algemene komplikasies wat op 'n besering volg en verduidelik hoe dit jou dansopleiding beïnvloed. (4)
- [16]**

VRAAG 15

Gee die volgende inligting oor die komponente van fiksheid:

- 15.1 Gee 'n duidelike definisie van *neuromuskulêre vaardighede*. (2)
- 15.2 Noem en verduidelik VIER vaardighede wat deur die neuromuskulêre stelsel ontwikkel word. (4)
- 15.3 Die prentjie hieronder toon 'n goeie voorbeeld van spierkrag. Noem VIER maniere om spierkrag in die dansklas te ontwikkel. MOENIE voorbeelde van oefeninge gee NIE.



(4)

- 15.4 Die prentjie hieronder toon 'n goeie voorbeeld van soepelheid/buigbaarheid. Gee VIER voorbeelde van hoe soepelheid jou dansuitvoering kan verbeter.

(4)
[14]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150